## Hoërskool Swartland

# PROSPEKTUS



(022) 482 1469 www.swartlandhs.co.za

# INDEKS


Uit die hoof se kantoor 01

Historiese oorsig 02

Rockie-waardes 03

Aansoek om toelating 04

Beleid en toelatingsvereistes 05

Koshuistoelating 06

Akademie en ko-kurrikulêre aktiwiteite 07

Sport 13

Algemene inligting, fasiliteite en nutsdienste 16



# WELKOM

Baie welkom by Hoërskool Swartland, nuwe Rockie!

**Omdat jy vir ons baie belangrik is, is ons opgewonde dat jy dit oorweeg om deel te word van die Rockiegees en -tradisie. Soos baie oudleerders tydens reünies getuig, is Hoërskool Swartland meer as net 'n skool; dit is 'n leefwyse, wat 'n geweldige impak op elkeen se vormingsjare het. Hier word jarelange vriendskappe gesluit en net die mooiste herinneringe gebou. Jy het nou die geleentheid om deel hiervan te word.**

**Ons vertrou dat jy die wonderlike geleenthede wat Hoërskool Swartland jou bied met albei hande sal aangryp en benut om sodoende die mooi ideale wat jy vir jouself koester te verwesenlik.**

**Hoërskool Swartland het deur die jare goed toegeruste jongmense die wêreld ingestuur wat met vrymoedigheid en selfvertroue hul plek in die samelewing kan vol staan. Ons is trots op elkeen van hulle. Jy kan ook deel word van hierdie trotse tradisie.**

**Ons bede is dat jy as oud-Rockie sal terugkyk op 'n besondere ryk en voorspoedige hoërskoolloopbaan en dat jy saam met talle ander oudleerders sal kan getuig van jou alma mater as 'n bastion van uitnemende opvoeding.**

*Vriendelike Swartlandgroete*

**J Schoonraad**
**SKOOLHOOF**



# 'N ROEMRYKE VERLEDE

Hoërskool Swartland is 'n trotse skool wat deur die jare die leuse van die skool, ***Werk en Wen***, getrou uitleef.

Die klassieke uitspraak van Baron van Imhoff in 1743, naamlik dat hy diep geskok en besorg is oor die "grote sorgeloosheid en onwetendheid" van die Swartland se bevolking, was die groot dryfveer agter die groei en ontwikkeling van die onderwys hier.

Die ontwikkelingsgang deur al die jare was indrukwekkend en was, en is nog steeds om die "onwetendheid" te beveg deur beter skool- en onderwysgeriewe daar te stel. 'n Hoogtepunt was die eerste skooltjie, 'n kerkskooltjie wat in 1745 in Malmesbury geopen is.

In 1894 word twee aparte skole gestig, naamlik die "Girls School" en die "Jongens Publieke School". Die redes vir die twee aparte skole was dat daar nie 'n enkele gebou was wat al die leerders kon huisves nie en daarby is die opvoeding ook sterk beïnvloed deur oorsese metodes van indeling. Die argument is gebruik dat "natuurlike ruheid van die seun kontaminerend inwerk op die verfyndheid van die dogter".

Die seunskool se getalle neem sodanig toe dat die skool in 1909 tot 'n hoërskool verklaar word met die naam "Hogerschool voor Jongens". In 1912 word die huidige hoërskoolgebou in gebruik geneem en die naam van die skool het later verafrikaans tot Die Hoër Jongenskool.

Die meisieskool het aanvanklik net tot "School Higher" (Graad 10) gegaan en dan moes die dogters na die seunskool gaan om hulle Graad 12 sertifikaat te verwerf. In 1918 word die meisieskool ook 'n volwaardige hoërskool.

Aan die begin van die veertigerjare kom daar al meer hoërskole in die omliggende dorpe tot stand, wat 'n daling in beide skole se getalle veroorsaak. Die twee plaaslike skole amalgameer in 1944 en die hoërskool, wat bekend sou staan as die Hoërskool Swartland, sou die gebou van die seunskool gebruik. Die primêre skool, bekend onder die nuwe naam Laerskool Swartland, sou in die meisieskool gehuisves word.

Op hierdie stadium was mnr SJ Bouwer die skoolhoof en die leerdertal 216.

Vandag is die Hoërskool Swartland, wat nou met 'n leerdertal van 750 spog, een van die grootste plattelandse hoërskole in die Wes-Kaap: 'n trotse skool met 'n roemryke verlede wat deur die jare die leuse van die skool, ***Werk en Wen***, getrou uitleef. ◆

# ROCKIE-WAARDES

Ons waardes is ons dryfkrag. Ons leef met passie na prestasie. Ons werk en wen.

## VISIE

Ons strewe is om te midde van 'n veranderende onderwysklimaat 'n stabiele milieu te skep waarin elke onderwyser sy of haar godgegewe roeping kan uitleef en elke leerder die geleentheid gebied word om sy of haar volle potensiaal te verwesenlik.

## MISSIE

Om die beeld van ons skool tot die maksimum uit te bou, om skooltrots te bevorder en om 'n wenkultuur te skep.

## LEUSE

Werk en wen!

# MODUS OPERANDI

- Respek
- Ordelikheid
- Commitment
- Kreatiwiteit
- Integriteit
- Eerlikheid
- Selfdissipline

Go Rockies!

## SKOOLLIED

Uit Swartland se bodem
geskeur deur die ploeg
Waar hy wat wil vorder
terdeë moet swoeg
Verrys met die koms
van elk somerseisoen
'n Golwende wêreld
van ruisende groen.

Elk volrype aar wat al
wuiwend daar staan
is vrug op die werk deur
die landman gedaan
Vir ons die simbool van
die loon wat vergoed
Vir arbeid en sorg met
volhardende moed.

Die Swartlandse skool
sal voortdurend sy plig
blymoedig aanvaar en
noulettend verrig.
Ons glo wie die vreug
van oorwinning wil ken,
moet vastrap en ywerig
werk om te wen,
moet biddend volhard
om te **werk en te wen**!



# AANSOEKE OM TOELATING

Baie dankie dat u ons vertrou om saam te bou aan die potensiaal van u kind.

## GAAN ASSEBLIEF NOUKEURIG DEUR DIE VOLGENDE INLIGTING

Die Prospektus

Besoek die skool se webtuiste **swartlandhs.co.za**

Besoek ons Facebook-bladsy **Hoërskool Swartland Offisieel**

Volg ons op Instagram **@hs.swartland**

Woon ons opedag by

Bestudeer ons waarde- en gedragskode beskikbaar op ons webtuiste om seker te maak u kind se waardes en die skool se waardes stem ooreen

## OPEDAG

Hoërskool Swartland hou jaarliks 'n opedag waar ons spog met ons pragtige skool. Tydens die opedag bied ons 'n visuele belewenis vir alle voornemende Rockies en hul ouers. Kom kyk wat ons alles vir u kind kan bied. Dit beloof om 'n ongelooflike ervaring te wees. Hou ons sosiale media en webtuiste dop om uit te vind wanneer dit plaasvind.

## DIE VOLGENDE MOET ASB VOLLEDIG VOLTOOI EN ONDERTEKEN WORD

- Aansoekvorm om toelating tot skool
- Betaalwyse van skoolfonds (vorm)
- Vakkeuse (vorm)
- Getekende onderneming ten opsigte van die gedragskode
- Indien vir koshuisverblyf aansoek gedoen word, dien ook die toelatingsvorm vir koshuisaansoek in

## AANSOEKVORMS KAN HIER GEVIND WORD

- www.swartlandhs.co.za
- Tydens die opedag by die administrasie-tafel
- By die skool se ontvangs

### NEEM KENNIS

**Die sluitingsdatum vir die ontvangs van aansoeke is gewoonlik die laaste dag van die eerste kwartaal.**

**Laat aansoeke sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word.**



# BELEID EN TOELATINGSVEREISTES

## INLEIDING

Die Beheerliggaam van die skool, as verteenwoordiger van die skoolgemeenskap sal voortaan die toelatingsbeleid van die skool, binne die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) bepaal.

Hierdie beleid en vereistes kan van tyd tot tyd, volgens hulle diskresie, deur die Beheerliggaam gewysig word. Die volledige skoolbeleid is vir insae beskikbaar by die skoolhoof of adjunkhoof. Die prospektus is slegs 'n samevatting van die veel langer en vollediger skoolbeleid.

Die beleid is gegrond op die skool se tradisie en doelstellings. Dit verskaf riglyne waarvolgens die skoolhoof in die praktyk sal optree wanneer besluit moet word oor die toelating van/of optrede al dan nie teenoor leerders

## DOELSTELLINGS

Om alle leerders as godgegewe wesens in hul totaliteit te ontsluit en te begelei tot verantwoordelike volwassenes wat in harmonie met hulself, hul medemens, hul omgewing en hul God kan leef deur onder andere aan die volgende aandag te gee:

- Ontwikkeling van 'n gesonde goed ontwikkelde liggaam en gees.
- Ontwikkeling van intellek deur onderrig en leer.
- Waardering van en respek vir die natuur.
- Vestiging van etiese waardes in elke leerder.
- Ontwikkeling van verantwoordelike burgerskap.
- Christelike opvoeding en begeleiding van elke kind as 'n unieke skepsel van God tot geloof in die Drie-enige God, sonder enige diskriminasie teen 'n leerder op grond van sy of haar geloof.

## TOELATINGS-VEREISTES

Die skoolhoof kan bepaal dat ouers/voogde hulle kinders persoonlik kom inskryf. Die volgende dokumente moet by toelating ingedien word:

- 'n Voltooide toelatingsvorm van die skool.
- ID- of paspoortfoto
- **Gewaarmerkte afskrifte van:**
  - Identiteitsdokument of geboortesertifikaat
  - Oorplasingsvorm van vorige skool
  - Jongste rapport of bewys van skolastiese vordering
  - Vakkeuse-vorm
  - Albei ouers se identiteitsdokumente
  - Salarisadvies van albei ouers
  - Munisipale diensterekening (nie ouer as drie maande nie)
  - Betaalbewyse van skoolfonds (vorm)
  - Koshuistoelatingsvorm (indien van toepassing)

## TOELATING VAN LEERDERS

- HSS is by die WKOD geregistreer as 'n Afrikaansmedium skool. Die algemene kommunikasie vind dus hoofsaaklik in Afrikaans plaas en 'n goeie kennis van die taal is dus nodig. Engelssprekende leerders word wel geakkommodeer: handboeke is in Engels beskikbaar en assesseringsmateriaal is in Engels vertaal. Onderwysers help individue in die klas deur begrippe in Engels te herhaal wanneer dit verlang word.
- Ten einde die Beheerliggaam in staat te stel om die fasiliteite vir die handhawing van 'n hoë standaard op alle terreine te verskaf, moet ouers onderneem om hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom. Toelating van leerders mag nie op grond van die onvermoë van ouers om skoolgeld te betaal geweier word nie.
- Voorkeur word verleen aan leerders uit plaaslike laerskole of leerders vanuit die skool se bedieningsgebied (soos in die Beheerliggaam se Grondwet beskryf).

Sien volgende bladsy ▸



- Daar moet voldoen word aan algemene bepalings aangaande toelating en voortgesette bywoning soos vervat in artikels 49(d) en (o) van die Wes-Kaapse Provinsiale Konsep Wetsontwerp op Skoolonderwys, 1997.
- Aansoeke van leerders buite die bedieningsgebied met 'n rekord van wangedrag, politieke aktivisme of uitsetting by ander skole sal geensins oorweeg word nie. Sulke leerders, wat binne die bedieningsgebied is, sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word.
- Toelating mag nie op grond van ras, taalvoorkeur, spesiale onderwysbehoeftes of geslag geweier word nie.
- By toelating mag 'n leerder nie meer as twee jaar ouer wees as die gemiddelde ouderdom van sy graad nie. Die skoolhoof mag volgens sy diskresie, in verdienstelike gevalle, hiervan afwyk onderhewig aan omsendbrief 0142/2002. 'n Leerder mag nie toegelaat word na die einde van die jaar waarin hy/sy die ouderdom van 20 jaar bereik het nie.
- Ouers het ook 'n verpligting om te sorg dat hulle kinders gereeld skool bywoon en moet in die geval van afwesigheid die adjunkhoof so gou as moontlik in kennis stel van die rede.
- Ouers moet skriftelik onderneem om hulle by die gedragskode van die skool neer te lê asook enige regmatige tug wat daaruit mag voortvloei.
- By toelating moet die Beheerliggaam die ouers in kennis stel van hulle regte en pligte teenoor die skool byvoorbeeld bepaling van skoolgelde, ouerbetrokkenheid en skoolbestuur. ◆

# KOSHUIS-TOELATING

Die skool beskik oor een seunskoshuis, Huis van Imhoff, en een dogterskoshuis, Huis van Zyl. Die koshuise is binne gerieflike loopafstand van die skool.

## HUIS VAN ZYL

By ons koshuis poog ons om 'n huislike, gelukkige leefomgewing vir ons dogters te skep. Alhoewel ordereëlings noodsaaklik is vir 'n gelukkige samelewing, beklemtoon ons die belangrikheid van selfdissipline en die respek vir ander.

Dogters van oor die hele land, veral vanuit plattelandse gebiede waar hoërskole nie 'n wye vakkeuse kan bied nie, vorm deel van ons familie.

As jy die gees, die dissipline en die trots het, is HUIS VAN ZYL die plek vir jou!

## HUIS VAN IMHOFF

By Huis van Imhoff streef ons daarna om gebalanseerde, goed opgevoede jong mans die lewe in te stuur.

Tradisie sowel as reëls is vir ons belangrik. Die seuns in die koshuis is baie trots op hulle koshuis en is getrou aan al die tradisies. Ons beskik elke jaar oor 'n top huispersoneel wat vir die seuns 'n tweede tuiste skep.

Huis van Imhoff met sy pragtige tuine en ruim kamers is 'n ware tweede tuiste vir elke inwoner. ◆







# AKADEMIE EN KO-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Ons is geweldig trots en dankbaar dat ons leerders uitmuntende prestasies op akademiese gebied lewer. Ons oudleerders behaal gereeld uitmuntende prestasies en word gereeld bekroon met verskillende akademiese pryse wat 'n bewys is van die fondament wat in die skool in elke vakgebied gelê word. Hierdie prestasies kan toegeskryf word aan gedissiplineerde leerders wat onder die toesig van gemotiveerde en toegewyde personeel werk. Ons bied 'n wye verskeidenheid vakke aan. Leerders het ook die geleentheid om in verskeie ander vakke, aangebied deur nabygeleë onderrigsentrums, onderrig te word. Voorsiening word wel gemaak vir die aflê van eksamens in dié vakke en word op die leerder se rapport aangetoon. Meer inligting in verband hiermee kan by die skool verkry word.

## GRAAD 8 EN 9

In Graad 8 en 9 word die gewone UGO leerareas vir die leerders onderrig. In dié grade is daar geen keuse tussen die betrokke leerareas nie, maar wel in die leerareas soos hieronder aangedui.

### AKADEMIESE LEERAREAS

**1. Taal**

**Geletterdheid en kommunikasie:**
By Afrikaans is daar 'n keuse tussen Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal

**2. Taal**

**Geletterdheid en kommunikasie:**
By Engels is daar 'n keuse tussen Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal

**3. Wiskunde**
**4. Sosiale Wetenskappe**
**5. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**
**6. Natuurwetenskappe**
**7. Tegnologie insluitend Rekenaargeletterdheid**
**8. Lewensoriëntering insluitend Medialeiding en Lewensopvoeding**
**9. Skeppende Kunste**

Gedurende die derde kwartaal voer die onderwyser-voorligter 'n individuele onderhoud met elke Graad 9-leerder in verband met sy/haar vakkeuse vir Graad 10.

Ons aanbeveling word skriftelik aan u voorgelê en u is welkom om dit met die voorligter te kom bespreek.

Daar word ook in die derde kwartaal 'n spesiale Graad 9 ouervergadering belê waartydens verskeie aspekte rondom die Graad 10 kursus en verdere opleiding met die ouers en leerders bespreek word.



## GRAAD 10 TOT 12

Leerders kan aansoek doen om meer as die sewe basiese vakke te neem, maar dit is onderhewig aan goedkeuring en sekere vereistes. Hierdie aansoek moet aan die einde van die voorafgaande jaar, met die nodige motivering, by die skoolhoof ingedien word.


**Van Graad 10 tot 12 word die volgende as verpligte vakke aangebied:**

- Afrikaans Huistaal of Engels Huistaal
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal of Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering

**Verder moet daar ’n keuse gemaak word tussen die volgende vakke in elk van die ses groepe:**



| GRAAD 10, 11 EN 12 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Afrikaans Huistaal | | | Afrikaans Eerste Addisionele Taal | | |
| 2 | Engels Huistaal | | | Engels Eerste Addisionele Taal | | |
| 3 | Wiskunde | | | Wiskundige Geletterdheid | | |
| 4 | Lewensweten-skappe | Fisiese Wetenskappe | Ekonomie | Rekenaar-toepassings-tegnologie | Dramatiese Kunste | Toerisme |
| 5 | Lewensweten-skappe | Landbouweten-skappe | Geskiedenis | Rekenaar-toepassings-tegnologie | Verbruikerstudie | Besigheidstudies |
| 6 | Lewens-wetenskappe | Fisiese Wetenskappe | Ingenieurs-Grafika en Ontwerp | Rekeningkunde | Verbruikerstudie | Toerisme |



# KO-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE

Die primêre doel van opvoeding is die ontwikkeling van die totale leerder tot 'n volwasse mens. Ons is ingestel daarop om die kind holisties te benader en aan elkeen soveel as moontlik geleenthede te bied om as jongmens 'n sinvolle toekomskeuse te maak, sodat hy hom of haar op alle terreine kan uitleef. Ons verwag van die leerders om in te skakel by 'n kultuurbedrywigheid en om een winter- en een somersport te beoefen.

## REDENAARKOMPETISIES

Ons redenaars en debatteerders neem deel aan, behalwe interne geleenthede, verskeie kompetisies en lewer gereeld toppresteerders op.

## LEIERSKAPONTWIKKELING

Omdat ons skool die ontwikkeling van ons leerders se leierskap-potensiaal hoog aanslaan, word daar op hierdie terrein ook opleiding verskaf. Die VRL gaan reeds aan die einde van 'n betrokke jaar op 'n intensiewe naweekseminaar. Verder word daar by verskeie ander geleenthede vir die hele VRL asook die klas-en sportkapteine kursusse gereël.

## REKENAARGELETTERDHEID

Dit is in die rekenaarwêreld dat die leerders van Hoërskool Swartland 'n voorsprong kry deur Rekenaargeletterdheidsklasse waar leerders voorberei word vir die werkomgewing daar buite. Graad 8- en 9-leerders ontvang Rekenaargeletterdheidsklasse. Vanaf Graad 10 tot 12 bied ons Rekenaartoepassingstegnologie aan.

Ons skool beskik oor twee moderne rekenaarsentrums. Elke leerder het dus die voorreg om op 'n rekenaar te werk, navorsing te doen en aan leerareas blootgestel te word.

## OLIMPIADES

Ons leerders kry ook die geleentheid om jaarliks aan verskillende Olimpiades deel te neem, onder andere in Verbruikerstudie, Biologie, Afrikaans, Engels, Wetenskap, Wiskunde en Rekeningkunde. Hulle behaal gereeld topuitslae in die kompetisies.

## SPORT

Afrigting geskied in die volgende sportsoorte:

- **SOMER:** Atletiek, tennis, krieket, swem, gholf, skaak
- **WINTER:** Rugby, hokkie (seuns en dogters), netbal, skaak, gholf, landlope en tweekamp
- **ANDER:** Ons leerders neem buite skoolverband aan die volgende sportsoorte deel: karate, stoei, pluimbal, aksie-netbal, ruiterkuns, rolbal, muurbal, binnenshuise hokkie, dans, ballet, motorsport, toutrek, fietsry, padwedlope en seeredding. Dit word egter nie by die skool afgerig nie, maar deur privaatinstansies en klubs, in en om die dorp.

**Leerders wat hulself verbind aan deelname in 'n betrokke sportsoort(e) moet vir die hele seisoen beskikbaar wees vir oefeninge en wedstryde.** ***(Blaai na bladsy 12 vir meer sport-inligting)***



## KULTUUR EN VERENIGINGS

Die volgende is verskillende kultuurbedrywighede en verenigings waaraan die leerders kan deelneem: die Christelike organisasie (Impact), debat en redevoering, skoolkoor, skoolkoerant, toneelvereniging, eisteddfod, vasvra, entrepreneurskap, Voortrekkers asook die, mediakomitee en die gemeenskapdiensspan (Interact-klub). Leerders kan ook by privaat instansies op die dorp musieklesse neem waar UNISA eksamens afgelê kan word.

### DIE ROCKIE KULTUURSENTRUM

ENIG IN SY SOORT

Leerders is bevoorreg om by ons unieke Kultuursentrum'n ryke verskeidenheid aktiwiteite te geniet. Hierdie aktiwiteite brei steeds uit en is onderhewig aan verandering volgens behoefte en belangstelling. Vir sommige aktiwiteite word basiese, billike fooie gehef om onkostes te dek. Die volgende word deur kenners uit ons gemeenskap en ons onderwyserskorps aangebied:

### GESPREKS ISIXHOSA EN EUROPESE TALE

Ons Taalsentrum bied afwisselend IsiXhosa, Frans, Spaans en Duits aan. Leerders word toegerus om basiese gesprekke te voer en om meer van die kulture wat met hierdie tale verbind word te leer. Kennis van IsiXhosa is 'n waardevolle vaardigheid in talle beroepe in Suid-Afrika, terwyl die aanleer van 'n Europese taal perspektief verbreed en 'n bate is vir leerders wat die Toerismebedryf wil betree.

### MUSIEK

Leerders wat Musiek as ekstravak wil aanbied of bloot net hul musiektalente wil uitleef, kan Sang-, Klavier- en Kitaarlesse by spesialis musici neem.

### DANS

'n Wye verskeidenheid moderne dans-genres word aangebied deur 'n onderwyseres met internasionale kwalifikasies.

### VISUELE KUNS

Kunsklasse word aangebied vir leerders wat nie Kuns as 'n vak neem nie, maar tog hul kreatiwiteit en kunstalent wil uitleef.

### DRAMA

Leerders wat nie Drama as vak neem nie, kan hierdie Drama-klasse kom geniet wat selfvertroue, artikulasie en fisiese kreatiewe uitdrukking bevorder.

### OPLEIDING

- **FOTOGRAFIE:** Fotografie-werkswinkels bied opleidingsessies aan om 'n verskeidenheid van tegnieke te bemeester. Slimfoon-fotografie en videografie word ook ingesluit.
- **SKRYFKUNS:** Werkswinkels in skryfkuns word aangebied en aspirant-skrywers help en inspireer mekaar om vir kompetisies in te skryf.
- **REDEVOERING EN DEBATTE:** Redevoering en debatte berei ons leerders goed voor om hul standpunte in Afrikaans of Engels te stel. Ons neem aan streek- en nasionale kompetisies deel.
- **WERKSWINKELS:** Ons bied ook kort werkswinkels aan vir ouers en leerders om hul kreatiwiteit 'n hupstoot te gee!

### VASTE KULTUURPROGRAM

- **KOOR:** Ons skoolkoor bestaan elke jaar uit 50 tot 80 lede en sing goue medaljes by eisteddfods los!
- **EISTEDDFOD:** Ons is geaffilieer by Tygerberg Internasionale



Eisteddfod, Wes-Boland Eisteddfod en Paarl Vallei Eisteddfod waar ons leerders in 'n verskeidenheid kategorieë en genres deelneem. Ons lewer elke jaar medaljewenners op.

- **INTERACT:** Interact is ons gemeenskap-uitreik-aksie. Omgee-harte en diensbaarheid word gekweek.
- **IMPACT (CSV):** HSS leef ons Christelike etos uit deur IMPACT, ons lofprysing en gebedaksie wat elke Vrydag plaasvind.
- **BALLET EN VOORTREKKERS** geniet ook wye belangstelling. Ons leerders kry erkenning vir hul prestasies op hierdie en ander kultuur-gebiede.

## WAAR KULTUUR EN TRADISIE ONTMOET

Glansryke sosiale geleenthede is die Arthss waar Mejuffrou en Meneer Swartland aangewys word en Matriekafskeid. Volgens tradisie is daar 'n Graad 8 Baadjieseremonie en 'n Graad 12 Uitstapdag.

## LEERDERONDERSTEUNING

### • SKOOLGEBASEERDE ONDERSTEUNING-SPAN (SGOS)

HSS beskik oor 'n uitstekend funksionerende SGOS Departement.



**Dienste wat die SGOS Departement aanbied sluit in:**

- Sosio-maatskaplike ondersteuning
- Sielkundige ondersteuning
- Loopbaanvoorligting
- Akademiese ondersteuning
- Assesseringsakkommodasies tydens toetse en eksamens

Die SGOS Departement is toegerus om assesseringsakkommodasies tot op die hoogste amanuensis vlak toe te staan. ◆

# SPORT





## HOKKIE

Hoërskool Swartland het die laaste paar jaar baie aandag aan hokkie geskenk en is tans besig om die vrugte daarvan te pluk. Ons bevind ons op ’n kompeterende vlak met die meeste van die topskole in die Boland. Die skool lewer elke jaar ’n hele paar Bolandspelers op en daar is ’n merkbare positiewe groei in die aantal spelers. Die O.19A-seuns en dogtershokkiespanne neem jaarliks aan die Fairmonttoernooi deel, waar hulle teen die meeste van die topskole in die Wes-Kaap kompeteer. Die O.16A-seunshokkiespan neem ook elke jaar deel aan ’n toernooi by Hoërskool Paarl Gimnasium en die 0.16A dogtershokkiespan neem aan die Spar Challenge deel. Alle spanne kry geleentheid om op die astrobaan te oefen en alle A-spanne speel al hul tuiswedstryde daarop. Die baan word ook tydens die week gebruik vir ekstra klinieke en twee van die dorp se laerskole word op geskeduleerde tye uitgenooi om daar te oefen. Addisioneel tot die gewone sportdae, wanneer die skool hokkie, netbal en rugby teen ’n spesifieke skool speel, vind daar gereeld ekstra hokkiewedstryde teen skole soos Paarl Gimnasium, Hoër Jongenskool Paarl en Bridge House plaas. Wanneer moontlik, speel die toepaslike spanne ook wedstryde teen spanne wat vanuit die buiteland toer.





## ATLETIEK EN LANDLOPE

By Hoërskool Swartland poog ons om elke atleet die geleentheid te gee om hul volle potensiaal op die atletiekveld te bereik. Atlete kry die geleentheid om deel te neem aan verskillende atletiekbyeenkomste, binne en buite skoolverband, tot op nasionale vlak. Die jaarlikse Graad- en Interkleurebyeenkoms, asook Interskole, sorg altyd vir groot opwinding waar leerders hul Rockie-gees kan uitleef en teen mekaar kompeteer. Die verryking en ontwikkeling van elke atleet is vir ons belangrik, daarom word ons atlete gereeld die kans gebied om aan afrigtingsklinieke en Top 10-byeenkomste deel te neem. ’n Verskeidenheid van baan- en velditems word afgerig, asook landlope. Landloopatlete neem aan ligabyeenkomste deel en kan tot op nasionale vlak presteer. Ons spog jaarliks met atlete wat binne die distrik asook tot op nasionale vlak ons skool verteenwoordig en die Rockienaam hooghou. Besoek gerus ons Facebookblad om ons atlete se nuutste prestasies asook die verskillende oefentye te sien.

## KRIEKET

Hoërskool Swartland het deur die jare 'n sterk krieketkultuur gevestig en is een van die top krieketskole in die Boland. Ons lewer op 'n gereelde basis provinsiale spelers op wat aan nasionale toernooie deelneem. Ons eerstespan neem jaarliks aan die KFC-Punt Krieketfees in Mosselbaai deel as deel van ons voorbereiding vir die nuwe seisoen. Die HSS "Six-a-side"-toernooi is al 'n instelling op ons kalender waar ons oud-Rockies, onderwysers van die laerskool, hoërskool en ouers teen mekaar speel. Ons fasiliteite word tans opgegradeer en daar is min mooier plekke om op 'n Saterdag skolekrieket te geniet as op die Rockies se tuisveld. Ons O.19A- en 15A-spanne speel in Boland se Saterdagliga (50 boulbeurte) en ons O.15B- en 19B-spanne speel in die weeklikse halfdagliga (20 boulbeurte).

Ons seuns kry baie blootstelling en speel genoeg wedstryde gedurende die eerste en vierde kwartaal.






## NETBAL

Ons Rockie-netbal se visie is om elke netbaldogter die geleentheid te bied om haar volle potensiaal te bereik deur blootstelling, kompeterende deelname en ontwikkeling. Dit is om hierdie rede dat ons dogters gereeld afrigtingsklinieke bywoon en ons tydens die Maart-skoolvakansie deelneem aan Hoërskool Menlopark se Netbalfees (O.18), asook Paarl Gimnasium se Netbaltoernooi (O.14 en O.17). Rockie-netbaldogters neem ook deel aan die Paarl Gimnasium se Fast 5-toernooi, wat jaarliks in September plaasvind. Ons Rockies presteer en ons het al verskeie provinsiale Distrikspelers opgelewer. Hoërskool Swartland skryf jaarliks spanne in om aan die Top Skole Netbalkompetisie deel te neem. Ons moedig ook ons dogters aan om skeidsregterkursusse by te woon en sodoende 'n kwalifikasie en gradering vir skeidsregting te ontvang. Ons afrigters is ervare en woon op 'n gereelde basis afrigters- en skeidsregterskursusse by om op hoogte te bly met die nuutste ontwikkeling en tegnieke. Die Rockies vs Blackies (Hugenote Hoërskool) se jaarlikse interskole bly die hoogtepunt op ons Netbalkalender.

## GHOLF

Hoërskool Swartland het twee gholfspanne wat aan die Wes-Boland Liga deelneem. Wedstryde vind op Maandagmiddae op verskillende bane plaas. Indien daar nie wedstryde is nie, oefen ons op die Malmesbury Gholfbaan op Maandae vanaf 14:30, Winter en Somer. Die hoogtepunt, soos met die ander sportsoorte, is ons Interskole-wedstryde teen Hugenote Hoërskool gedurende die eerste kwartaal. Ons moedig ons seuns en dogters aan om deel te raak van die sport.



## RUGBY

Hoërskool Swartland het 'n roemryke rugbygeskiedenis. Ons skool spog met ses Springbokspelers wat ons in die top 20-skole plaas wat die meeste Springbokke opgelewer het tot op hede. Ons mees onlangse Springbok is Pieter-Steph du Toit. Wêreldbekerwenner, IRB-Speler van die Jaar en Springbokkaptein is van sy topprestasies! Ons lewer jaarliks spelers wat Boland se Cravenweek-, Akademie-, Grant Khomo- en Boland 7's-spanne verteenwoordig. Ons het ook tans spelers wat hul talente in die Varsitybeker, Curriebeker en Super Rugby kompetisies ten toon stel. Ons bied jaarliks die Hoërskool Swartland Wintertoernooi aan gedurende die laaste naweek van die Junie/Julie vakansie. Skole van die Wes-Kaap, Oos-Kaap en so ver as Engeland, Wallis en Ierland neem jaarliks deel. Ons eerstespanseuns neem gedurende die Maart/April vakansie aan die Oakdale Rugbyweek deel as aanvulling van hul voorseisoen program. Ons junior spanne neem deel aan voorseisoen sportdae om maksimale blootstelling te verseker en ons skool se senior seuns neem aan verskeie 7's-kompetisies deel wat die jaarlikse Boland 7's-kompetisie insluit. Ons het 'n ervare afrigtingskorps wat op hoogte bly met die nuutste neigings van die spel, gekoppel met ouskoolwaardes om ons seuns tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Ons speel weekliks in 'n hoogs kompeterende omgewing en gee ons seuns al die blootstelling tot ons beskikking. Ons seisoen sluit jaarliks af met Interskole teen Hugenote Hoërskool van Wellington. Hierdie is 'n tradisie wat begin het in 1975 en is 'n hoogtepunt op ons sportkalender.







## SKAAK

Skaak bevorder die ontwikkeling van beide die linkerbrein (logiese denke), sowel as die regterbrein (kreatiewe denke). Dit bevorder logiese redenering wat veral kan help met vakke soos Wiskunde en Wetenskap. Dit verbeter ook die konsentrasievermoë van spelers. Hoërskool Swartland skryf elke jaar spelers in om aan die Onder-Weskus Skaakkampioenskappe deel te neem. Indien die speler daar suksesvol is, kan hy/sy deurdring na die Weskusspan. Die ouderdomsgroepe waarin spelers deelneem is O.15 en O.18. Die spelers oefen vanaf Februarie elke Maandag na skool vanaf 14:00 tot 15:00. Vanaf die tweede kwartaal oefen ons ook Woensdae na skool vir 'n uur.Die jaarlikse interskole wedstryd teen Hugenote Hoërskool bly vir die spelers die hoogtepunt op die kalender.

START!



## TOUTREK

Toutrek is 'n wonderlike spansport wat deur Hoërskool Swartland aangebied word. Dit is 'n somersport wat tydens die eerste en vierde kwartaal plaasvind. Daar is geen ouderdomsvereiste nie; trekkers word volgens hulle gewig by 'n sekere gewigklas vir 'n afdeling ingeskryf. Ons trek ook met spesifieke toutrekskoene. Dit is 'n sport wat trekkers leer om selfdissipline en deursettingsvermoë aan die dag te lê. In die eerste kwartaal is daar elke Saterdag byeenkomste waaraan ons deelneem. Aan die einde van die seisoen is daar twee groot byeenkomste waaraan ons deelneem nl. die WP/Boland en die Nasionale kompetisie waar medaljes op die spel is. Dit is 'n skoolsport met trekkers wat slegs as ingeskrewe leerders kan deelneem vir Hoërskool Swartland. Ons beskik oor 'n pragtige nuwe toutrekbaan met spreiligte.



## SWEM

Malmesbury beskik oor 'n pragtige 50m swembad, geleë net langs die skool. Swemmers kan óf by die klub (Swartland Swemklub) ingeskryf wees óf Dinsdae en Donderdae saam met die nie-klubswemmers oefen. Die klubswemmers vaar uitstekend by nasionale klubkampioenskappe ("levels") en ander kompetisies. Verskeie swemmers neem ook deel aan "Open Water Swimming". Daar is tans twee geleenthede waar dit aangebied word in die Boland. Die eerste byeenkoms word naby Franschhoek aangebied en die tweede byeenkoms in Worcester. Hoogtepunte op ons swemkalender is:

- Interkleure swemgala met ernstige swem, sowel as baie "sports"-items op die program, byvoorbeeld 25m enigeslag en die gewilde binnebandresies.
- Interskole teen Hugenote.
- Seshoekige Gala waaraan skole van die Weskus en Wynland deelneem.
- Die Boland se prestige gala, die Frank Myburgh Twilightgala, waar al die top swemmers van Weskus en Wynland deelneem. Mnr. Frank Myburgh is 'n afgetrede adjunkhoof van Hoërskool Swartland en was vir meer as 25 jaar 'n onderwyser. Mnr. Myburgh, self 'n Springbokswemmer, was vir meer as 20 jaar betrokke by Boland Swem waarvan hy 16 jaar as voorsitter gedien het.
- Verskeie aflosgalas van skole in die Boland.





## TENNIS

Hoërskool Swartland is een van die toonaangewende tennisskole in die streek. HSS-tennisspanne vaar jaarliks uitstekend en die skool lewer spelers op met puik individuele prestasies. Die skool se vier tennisspanne, die eerste seuns- en dogterspan en tweede seuns- en dogterspan, het verskeie kere al die Wes-Bolandliga gewen. Die skool se tennisspelers neem jaarliks deel aan die T4J-dubbelstoernooi op Bredasdorp. Van ons spelers neem ook deel aan die Ceres-toernooi. Hoërskool Swartland het oor die afgelope dekade 'n jaarlikse gemiddelde van vyf tennisspelers in die Wes-Boland Hoërskoolspanne opgelewer. HSS het elke jaar ten minste een Bolandspeler. Tennisoefeninge word gedurende die seisoen elke middag van Maandag tot Donderdag aangebied. Die wedstryde word op Vrydagmiddae beslis. Twee afrigters is betrokke by die afrigting van die ongeveer 22 spelers. Daar is ook 'n onderwyseres betrokke by die reël van die sosiale tennis vir nie-spanspelers. Mnr. I Turner, onderwyser aan HSS, is die afgelope 17 jaar die voorsitter van die Wes-Boland Tennis vir Hoërskole. ◆

# ALGEMENE INLIGTING, FASILITEITE EN NUTSDIENSTE

## AANSOEK OM TOELATING

Die sluitingsdatum vir die ontvangs van aansoeke is gewoonlik die laaste dag van die eerste kwartaal. Laat aansoeke sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Die volgende moet asseblief volledig voltooi en onderteken word:

- Aansoekvorm om toelating tot skool
- Betaalwyse van skoolfonds (vorm)
- Vakkeuse-vorm
- Getekende onderneming ten opsigte van die gedragskode vir leerder (agter op die toelatingsvorm)
- Indien vir koshuisverblyf aansoek gedoen word, dien ook die toelatingsvorm vir koshuisaansoek in

## OUDSTUDENTEBOND EN ONDERSTEUNERS

Ons oudstudentebond bestaan uit oudleerders van die skool en daar word gepoog om 'n deurlopende databasis van al die oudskoliere se besonderhede op te bou. Oudleerders kan ook noodwendig ondersteuners van ons skool wees. Ons ondersteuners is alle persone wat op 'n wye gebied die skool ondersteun en help uitbou. Dit kan op enige gebied wees, hetsy akademie, sport of kultuur. Ondersteuners bestaan uit oudleerders, besighede (borge), ouers en vriende van die skool.

## OOV

Hierdie vereniging, bestaande uit huidige leerders se ouers, lewer 'n baie groot bydrae tot die organisering van byeenkomste en die insameling van fondse. Hulle staan die personeel by en neem take uit hul hande sodat die personeel hul volle aandag aan die opvoeding van die leerders kan gee. Die OOV beywer hom ook vir die samewerking tussen die verskillende rolspelers in die skoolgemeenskap, asook vir die uitbreiding van die trotse tradisie van die skool.

## BUSDIENS

Die skool beskik oor vier busse wat leerders op uitstappies en na die verskillende sportbyeenkomste, kultuurbedrywighede en ander geleenthede vervoer. Die busse word ook gebruik om gedurende vakansies sport of opvoedkundige toere te onderneem. Die skool bedryf daagliks 'n busroete na Riebeek Wes wat leerders van omliggende areas en plase na en van die skool vervoer.

## TOELATING TOT KOSHUIS

Die skool beskik oor een seunskoshuis, Huis van Imhoff, en een dogterskoshuis, Huis van Zyl. Die koshuise is binne geriefike loopafstand van die skool. Die sluitingsdatum vir ontvangs van aansoeke is gedurende die tweede kwartaal. Aansoeke wat na die gespesifiseerde datum ontvang word, sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word. Aansoeke van leerders wie se ouers in die dorp woon, sal afsonderlik behandel word en ouers moet asseblief motiveer waarom hulle die leerder in die koshuis wil plaas.

## KOSHUISGELDE

Koshuisgelde vir elke koshuis word in Oktober voor die volgende jaar vasgestel. Koshuisgelde is STRENG vooruitbetaalbaar per kwartaal. Slegs leerders wat verder as 5km van die skool woonagtig is en wat hul naaste geskikte skool bywoon, kan aansoek doen vir 'n losiesbeurs, mits die ouers se omstandighede dit regverdig.

## ONDERRIGGELDE

Onderriggelde word jaarliks gedurende Oktober vir die daaropvolgende jaar vasgestel. Navrae ten opsigte van die presiese bedrag kan teen die einde van Oktober gedoen word en sal ook per brief aan die huidige ouers van die skool bekend gemaak word. Onderriggelde kan maandeliks, kwartaalliks of jaarliks betaal word. 'n Korting word toegestaan aan diegene wat die volle bedrag voor einde Februarie vereffen. Onderriggelde is nie belastingaftrekbaar nie. Alle skenkings bo en behalwe die vasgestelde bedrag, kwalifiseer egter vir 'n inkomstebelasting-aftrekking. Volgens die skolewet is die betaling van onderriggelde verpligtend.

## SPORT-ADMINISTRATEUR

Ons Sportadministrateur hanteer reëlings rondom sportgebeure en byeenkomste.

## SPORTFASILITEITE

Die skool beskik oor 'n moderne en goedbeplande sportsentrum wat 'n pawiljoen, 1000 onderdak-sitplekke, gras atletiekbaan en rugbyveld met

spreiligte (toegeruste kleedkamers en noodhulpkamer), kombuis en onthaalgeriewe beskik. Verder is daar nog twee rugbyvelde en Astrohokkiebaan, twee grashokkievelde, vier netbalbane, vier tennisbane en 'n krieketveld met ses oefennette. Die olimpiese standaard munisipale swembad en muurbalbane lê langs die skoolterrein.

## NUTSDIENSTE

**BOEKSTOOR:** Hoërskool Swartland beskik oor 'n boekstoor waar daar aan hulpbehoewende leerders handboeke uitgereik word. Boekelyste word aan die einde van die jaar uitgedeel waarvolgens boeke aangekoop kan word.

**KLEREBANK:** Die klerebank beskik oor goeie gehalte tweedehandse en nuwe skooldrag teen billike pryse.

**SNOEPWINKEL:** Die snoepwinkel word deur die skool bedryf en verskaf versnaperings gedurende byeenkomste en pouses aan die leerders. Woensdae kry leerders die geleentheid om hul entrepreneurskap te ontwikkel deur gedurende pouses verkope te doen.

## ARGIEF


Die skool beskik oor 'n pragtige argief wat deur ouers tot stand gebring is. In die argief kan die ryke tradisie van die skool se verlede besigtig word.

Die geskiedenis en ontwikkeling van die skool word vir besigtiging deur leerders, ouers en oudleerders ten toon gestel.

## GRAADHOOFSTELSEL

Die Graadhoofstelsel funksioneer goed en is ontwerp om:

- Al die leerders in die graad tot 'n eenheid saam te snoer om sodoende 'n groepsgees te skep.
- Trots by leerders te kweek vir hul skool, hul maats, hul werk, hul voorkoms en hul boeke.
- Leiding te gee aan leerders met betrekking tot skoolwerk en skoollewe.
- Leerders wat oortree of afdwaal te identifiseer, die nodige optrede te doen en in ernstige gevalle dit na die skoolhoof te verwys.
- Al die leerders in die graad te leer ken en as hoof van die graad leiding te neem. ◆





**Hoërskool Swartland**

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
**www.swartlandhs.co.za**
*Posbus 253, Malmesbury, 7299*

**ADRES**

Dirkie Uysstraat, Malmesbury

**FAKS**

(022) 482 1177

Werk en wen!